

Dinsdag 13 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:21-22

Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:21

Jesus Christus is die waarborg van ons redding

Ek meen dat elkeen wat hier lees, gedoop is. Watter hoop gee dit ons?

Die eerste lesers was 'n klein groepie, verspreid in die Romeinse Ryk. Te midde van 'n see van heidene was die vraag: Watter sin het ons geloof? Daar was min erkenning vir Christene – eerder vyandigheid, uitstoot uit die vroeëre vriendekring, vrees vir behoud van hulle werk, bang vir vervolging.

Petrus haal Noag se tyd aan. Ten spyte van die see van verdorwenheid (Gen. 6:5), is 'n klein klompie tog bewaar. Die sondvloed het tegelyk gereinig en gered. Die water het die aarde skoongemaak van sonde, maar ook die ark opgelig en veilig gedra. Net so is die doopwater teken en seël van reiniging en redding. Die doop was nie self die sonde af nie, maar gaan gepaard met gebed om vergifnis daarvan. Jesus Christus is die waarborg van ons redding. Ons gewete is skoon, want Hy het vir ons sondeskuld betaal. Opgestaan en verhef tot die regterhand van God. Heerser oor alle bese geestelike magte, dié wat nasies aanhits teen die klein groepie gelowiges.

Voel ons so gering in die see van afvalligheid? Met groeiende valse leer, miskien van die Skrifgesag, spot met Christelike waardes, vervolging van Christene – watter hoop is daar vir my wat glo? Hou vas aan die beloftes van die Drie-enige God by jou doop. Hy sal daaraan getrou bly, soos Hy getrou was aan Noag en sy gesin. Wanneer die reg-ver-dige oordeel aanbreek, sal die gelowiges met Christus seëvier oor alle teenstanders.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 5, 6

Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)